

8 Desember

Skrifgedeelte: 2 Johannes
Fokusgedeelte: 2 Johannes:4-11

Vriendelik met die duiwel?

Johannes sê hy is bly om medegelowiges raak te loop wat in ooreenstemming met die Groot Waarheid lewe. Mense wat hulle verlossing deur Christus koester en wat onderlinge vergiffenis aan mekaar bedien. Maar hierdie “skynbaar onvoorwaardelike liefde” het onsekerheid by die gemeente laat ontstaan en Johannes wil dit aanspreek. Moet hulle gasvryheid en broederliefde teenoor almal bewys wat kom in die naam van geloof? Want reisende predikers kon aanspraak maak op gasvryheid uit die gemeente.

Die gemeente het agtergekom daar is verskil in die boodskappe wat hulle ontvang. Sommige verkondig nie Jesus as die Verlosser nie. Hoe nou gemaak? Johannes kan nie sê dat hulle nie almal moet liefhê nie. Hy is moontlik self ook onseker oor wie die dwaalleraars is en met verkeerde raad kan hy eerlike predikers hulle voorregte ontnem. Johannes prys dan die gemeente vir hulle toewyding in waarheid en gee hulle advies. Die evangelie van Jesus Christus, sê hy, is dieselfde godsdiens as dié van die Ou Testament. En nakoming van Gods gebod is dié kenmerk van 'n ware gelowige. Wie nie liefde het nie, is in stryd met die waarheid.

En die valse profete, die misleiers? Moet hom nie in julle huise ontvang nie, moet hom nie eers groet nie. Die broederlike groet en ontvangs in jou huis was nie bloot vriendelikheid en goeie maniere nie, maar het 'n boodskap van vertrouwe uitgestraal. Die boodskap van assosiering met dit wat hulle leer. Wie nie duidelik opstaan teen dwaalleraars nie, het deel aan hulle.

Hoe sou dit ons vandag raak? Moet ons ongasvry wees teenoor ongelowiges. Nee, sekerlik nie. Teenoor die ongelowige moet ons *met liefde van Gods liefde* getuig. Teenoor gelowiges van ander kerke wat Jesus bely, moet ons hartlike broederliefde bewys. Teenoor die wat Jesus verwerp, mag ons nie in dieselfde juk trek nie. Vriendelik moet ons wees, hulpvaardig moet ons wees, maar ons moet ons hard en duidelik distansieer van hulle leringe want hulle verteenwoordig Satan.

Sing: Psalm 25:2, 5 (Totius)

Ds A Venter (Pretoria-Annlín)